

GRONDREGISTRASIE EN GRONDHERVORMING

Vir my is grondregistrasie steeds 'n gemaklike onderwerp om oor te praat omdat dit nog redelik goed werk. Grondhervorming is egter 'n ander saak – dis net té gelaai met politieke intrige en emosie en ek weet nie wat my besiel het om my in hierdie moeras te begewe nie!

Ek het met grondregistrasie 'n lang pad geloop en baie van my tyd en energie 35 jaar lank, as lid van die Akteregistrasieregulasieraad (vanaf 1976 tot 2011), daaraan gewy om die integriteit van ons grondregistrasiestelsel te help beskerm. As een van die twee verteenwoordigers van die regsprofessie op die Raad oor daardie veelbewoë jare, kon ek my vinger op die pols hou en die amptenare van beide die ou sowel as die nuwe Suid-Afrikaanse regerings, ten goede probeer beïnvloed. Dit was nogal 'n avontuur!

Die belangrikheid van 'n goeie en betroubare grondregistrasiestelsel kan nie oorbeklemtoon word nie. Dis 'n belangrike bousteen van enige suksesvolle ekonomie. Hernando de Soto in sy klassieke werk "The Mystery of Capital" argumenteer baie oortuigend dat geen samelewing na behore kan funksioneer of floreer sonder 'n grondregistrasiestelsel wat die onaanvegbaarheid van titel verseker nie. De Soto maak groot gewag daarvan, dat betroubare grondregistrasiestelsels die enkele grootste en belangrikste faktor is wat die lande van die sogenaamde Eerste Wêreld, onderskei van die lande van die sogenaamde Derde Wêreld. Die een faktor, aldus De Soto, wat alle standhoudende suksesvolle ekonomieë in gemeen het, is nie 'n onafhanklike regbank, of 'n demokratiese bestel, of die vrye markstelsel of kapitalisme of 'n vrye pers nie, maar inderdaad 'n betroubare grondregistrasiestelsel. Hy argumenteer met groot oortuiging dat die vestiging van 'n stabiele middelklas daarsonder onmoontlik is. Dit bekommer hom dat die Weste dit nie meer na behore besef en waardeer nie, waarskynlik omdat dit al vir so 'n lank tyd reeds 'n integrale deel van die Weste se suksesvolle gemeenskappe en ekonomieë vorm. Japan, Korea, Singapore het ook nou gevestigde grondregistrasiestelsels. Privaat eiendomsbesit in China se stede is vandag 'n werklikheid. In landelike gebiede van China word ook aansienlike vordering gemaak. Met hierdie ongelooflike ommekeer in China is eers in die laat 1980tigs begin.

Dis ook waar van Suid-Afrika waar ons uitmuntende grondregistrasiestelsel eiendomsbesit en huiseienaarskap 'n werklikheid gemaak het vir 'n substansiële gedeelte van ons bevolking. Mense kon en kan steeds geld genereer, omdat finansiële instellings tevrede is om verbande teen grondeienaars se titels te laat registreer om as sekuriteit te dien vir die geld wat aan hulle voorgeskiet word. Daarmee kan toerusting aangeskaf om die boerdery meer doeltreffend te maak, huise te verbeter, fabriek te moderniseer, kinders Universiteit toe te stuur ens.ens. Die verbande moet uiteraard terugbetaal word maar ons hier in die Eerste Wêreld, HET minstens hierdie opsie. Vir die meeste mense in Peru (De Soto se vaderland), Egipte en 'n horde lande in Afrika, Asië, Suid- en Sentraal-Amerika, is hierdie opsie nie beskikbaar nie. Vir hulle is die stap van armoede na die middelklas soveel moeiliker. Hierdie was vir baie jare ook die lot van swart Suid-Afrikaners, maar hieroor later.

In Suid-Afrika, netsoos in die V.S.A., waarborg die staat nie titel nie. Hier berus titelsekuriteit op die integriteit van die rolspelers wat die stelsel in stand hou. In die V.S.A. is grondeienaars genoodsaak om titelversekering uit te neem – 'n duur petalje. By ons is titelversekering nog nie 'n vereiste nie omdat die stelsel al dekades lank, bevredigend werk. In die eerste plek is absoluut briljante stukke wetgewing hiervoor verantwoordelik, t.w. die Opmetingswet en die Akteswet. Twee jaar voordat Hitler se panzers Pole binnegerol het, het die Akteswet, No.47 van 1937 die lig gesien. Hierdie wet funksioneer vandag nog soos 'n Switserse horlosie! Goeie wetgewing is egter net één sy van die saak. Dit moet behoorlik en doeltreffend toegepas word. Vier kardinale rolspelers, twee uit die privaatsektor en twee uit die publieke sektor, dra die verantwoordelikheid in hierdie verband. In die eerste plek moet die grond, hetsy 'n erf in 'n dorp, 'n deeltiteleenheid, 'n plaas of kleinhoewe, geïdentifiseer en opgemeet word. Dis die taak van landmeters, d.w.s. die privaatsektor. Die kaarte

van opgemete plase en algemene planne van dorpe, word by die kantore van die Landmeter-Generaal ingedien vir ondersoek en registrasie. Die werk van die privaatsektor word langs hierdie weg gemonitor deur die publieke sektor. Spesialiste, synde prokureurs, wat na die aflegging van 'n moeilike eksamen, in die Hooggeregshof as transportbesorgers toegelaat word, is verantwoordelik vir die opstel van die meeste aktes, hetsy transporte of verbande. Ander spesialiste, synde prokureurs wat na aflegging van nóg 'n moeilike eksamen, in die Hooggeregshof as notarisse toegelaat word, is verantwoordelik vir die opstel van sekere aktes soos serwitute en huwelikskontrakte.

Die werk van hierdie twee kategorieë spesialis prokureurs, word ondersoek en geregistreer deur die kantore van die onderskeie Registrateurs van Aktes. Met die registrasieproses, nes met die opmetingskomponent, word die werk van die privaatsektor deur die publieke sektor gemonitor. Al vier rolspelers funksioneer al dekades lank doeltreffend en daarom bekommer ons ons nie oor die regsgeldigheid van ons aktes en meer bepaald ons transportaktes nie.

Tog flikker gevaarligte. Die aktekantore is stadigaan besig om agteruit te gaan. Die gehalte van akte-ondersoek het ongetwyfeld verswak waarskynlik omdat ondersoekers te vining bevorder word. Daar is maar net eenvoudig nie 'n plaasvervanger vir jarelange praktiese ervaring nie. Ons het hierdie probleem egter geantisipeer en wetgewing die lig laat sien waarkragtens by verre die grootste gros van die verantwoordelikheid vir die korrektheid van 'n akte, op die skouers van transportbesorgers geplaas is. Ek was amper gekruisig vir hierdie verwikkeling maar kon na 'n omvattende toer deur die land, my kollegas oortuig dat ons, vir die behoud van die stelsel se integriteit (maar ook vir ons eie voortbestaan!) maar die spit moet afbyt.

Namate die aktekantore agteruit gaan, moet die regsprofessie noodwendig meér verantwoordelikheid aanvaar om die integriteit van die stelsel in stand te probeer hou. Die Black Lawyers Association oefen boonop deesdae al hoe meer druk uit vir die afskaffing van die akteseksamens. Die hekwagters, beweer hulle, hou die eksamens moedswillig moeilik om voornemende toetreders daaruit te probeer hou. Sou hierdie kwade dag aanbreek en onbekwame praktisyns toegelaat word om hierdie belangrike en verantwoordelike werk te doen, is ek bevrees dat net nóg 'n bedryf wat jare lank in Suid-Afrika voortrefflik gewerk het, uitmekaar gaan val. Dan is duur titelversekering ons voorland en gaan ons vind dat ons nie met ons eiendom kan handel of geld daarteen kan leen tensy ons bewys kan lewer dat ons behoorlik verseker is nie.

GRONDHERVORMING

Die Motlanthe-verslag van 2017 vat die essensie van grondhervorming mooi saam:

“The Panel’s terms of reference provide for three components of land reform: redistribution, tenure reform and restitution. Each of these is governed by a specific subsection of Section 25 of the Constitution.

- 25(5) Provides for equitable access to land – this drives redistribution of both rural and urban land for those whose families were dispossessed prior to 1913;
- 25(6) Provides for tenure security – legal protection for those whose tenure is insecure because of past discrimination;
- 25(7) Provides for restitution – for those who can show how they lost land through racially discriminatory laws and practices such as forced removals after 1913.

Daron Acemoglu & James A Robinson beskryf die sondes van ons vadere en veral in die periode tussen 1890 en 1913, soos volg in hulle bekende en invloedryke werk "Why Nations Fail":

"Even a modicum of inclusive institutions and the erosion of the power of the chiefs and their restrictions were sufficient to start a vigorous African economic boom. Alas, it would be short lived. Between 1890 and 1913 it would come to an abrupt end and go into reverse. During this period two forces worked to destroy the rural prosperity and dynamism that Africans had created in the previous fifty years. The first was antagonism by European farmers who were competing with Africans ... The second force was even more sinister. The Europeans wanted a cheap labour force to employ in the burgeoning mining economy, and they could ensure this cheap supply only by impoverishing the Africans. This they went about methodically over the next several decades ...

Both of the goals of removing competition with white farmers and developing a large low-wage labor force were simultaneously accomplished by the Natives Land Act of 1913. The act divided South Africa into two parts, a modern prosperous part and a traditional poor part. It stated that 87% of the land was to be given to the Europeans, who represented about 20% of the population. The remaining 13% was to go the Africans.

Voordat ons onself heeltemal stukkend krap met potskerwe, wil ek net daarop wys dat mense toendertyd dwarsoor die Westerse wêreld anders oor hierdie sake gedink het. In 1919, presies 'n eeu gelede, het die Geheime Raad, die hoogste hof in Brittanje, die volgende te sê gehad oor die boorlinge van Afrika (In re Southern Rhodesia, Privy Counsel,[1919] AC 211, pp. 233-234): "Some tribes are so low in scale of social organization that their usages and conceptions of rights and duties are not to be reconciled with the institutions or the legal ideas of civilized society. Such a gulf cannot be bridged. It would be idle to impute to such people some shadow of the rights known to our law and then to transmute it into the substance of transferable rights of property as we know them."

Ek kan nie die versoeking weerstaan om ook die volgende ter versagting te sê nie : "Statistics are like a bikini – what it reveals is interesting but what it conceals is vital." T.o.v. heelwat lande sal baie mense verseker die 10% vrugbare gedeelte bo die 90% ys- of berg- of woestynbesaaide gedeelte verkies. Hiervan is Egipte, Algerië, Australië en Kanada goeie voorbeelde.

Dit help egter nie om onself nou te probeer verontskuldig nie. Ons gaan niemand oortuig nie – die gewraakte 1913-wetgewing gaan nog lank by ons spook en u weet maar alte goed wie ek met "ons" bedoel.

Ek is van mening dat die suksesvolste grondhervorming reeds in die ou Suid-Afrika voor 1994 plaasgevind het danksy die visie van die merkwaardige Dr. Gerrit Viljoen in die laat sewentiger jare van die vorige eeu. Hy het besef dat die inwoners in al Suid-Afrika se stedelike townships 'n vorm van besitsreg moet kan verwerf wat hulle in staat sal stel om teen hulle eiendomme geld te kan leen ten einde dit te verbeter of vir welke rede ookal. Hy het toe al gedink soos De Soto en besef dat 'n swart middelklas langs hierdie weg geskep sal kan word. Hy het die berugte Bantoes (Stedelike Gebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet 25 van 1945) met 'n kort en kragtige artikeltjie gewysig om voorsiening te maak vir 99-jaar huurpag. Die eer het my te beurt geval om saam met twee van my kollegas in Johannesburg, Bob Tucker en Stan Treismann, die regulasies vir die Departement van Samewerking en Ontwikkeling te formuleer om gevolg aan hierdie rewolusienêre stukkie wetgewing te gee. Tot my liewe vrou, Lili, se ergenis, moes ek elke Sondag gedurende die hele 1978, deurry na Bob Tucker se woning in Johannesburg om die regulasies te formuleer.

Ons het die regulasies op die beginsels van die Akteswet gebaseer. Ek het daarop aangedring en my twee kollegas het my gelukkig ondersteun. Die regulasies het vroeg in 1979 in werking getree en ons het eerste van alles Soweto getakel. Die bekwame amptenare van Dr. Viljoen se departement het blitsvinnig met die hulp van 'n horde landmeters akkurate kadastrale algemene planne vir talle groot swart dorpe wat honderdduisende erwe geïdentifiseer het, laat voorberei. Huurpagregistrasies het aanvanklik as 'n stroompie begin maar danksy baie harde werk, gou 'n sterk stroom geword en dwarsoor die land het derduisende swart stedelinge 99-jaar huurpagte vir hulle eiendomme gekry. Reeds in 1985 het Langa en

Kyalitsha in die Kaap ook deel van die proses geword. In 1991, weereens ingevolge eenvoudige duidelike wetgewing, is 'n proses in werking gestel om al hierdie huurpagte te omskep in vrypag, d.w.s volle eiendomsreg. Mens kon jaarliks sien hoedat eiendomme in Atteridgeville, Mamelodi, Soweto opgradeer word – trotse nuwe eienaars kon geld teen hulle titels leen om hulle huise te vergroot en te verbeter. Die middelklas wat langs hierdie weg tot stand gekom het, is deesdae tot 'n groot mate verbonde aan die opposisiepartye wat ongelukkig is met die dinge wat die regering van die dag veral sedert die begin van die huidige eeu aangevang het.

Die Motlanthe - verslag sit uiteen hoe die beleid rondom grondhervorming gedaanteverwisselings ondergaan het sedert die ontstaan van die nuwe Suid-Afrika in 1994 (pp. 207-208):

“The trajectory of land redistribution over the last twenty years reflects changing policy agendas and ideological positions. Not only has land redistribution fallen far short of official government targets and public expectations, its focus, criteria and modus operandi have also undergone several significant shifts

In 1994, the Reconstruction and Development Programme (RDP) proclaimed a goal of transferring ownership of agricultural land in white commercial farming areas to poor black South Africans. The RDP target was to transfer 30% of this land within the next five years of the programme. By 1999, less than 1% of commercial farmland had been made available to black South Africans.”

Die RDP verkleur in 1995 na SLAG – die proses waarkragtens die grond moet gaan na swart huishoudings met 'n maandelikse inkomste van minder as R1 500,00 – diè mense was veronderstel om te kwalifiseer vir “a modest Settlement/Land Acquisition Grant (SLAG). Dit werk toe ook nie soos dit moes nie. In 2001 word die beleid hersien en kry ons te doene met LRAD: Land Distribution for Agricultural Development “which removed the pro-poor bias of land distribution and introduced the new aim of establishing a class of black commercial farmers.” Toe tree, wat my betref, rampspoed in want in 2006 sien PLAS (Proactive Land Acquisition Strategy) die lig wat naas LRAD toegepas sou word. In 2011 word LRAD heeltemal vervang met PLAS: ...the State buying land and leasing it out to beneficiaries, with the aim of eventually transferring it to them in private ownership – though plans towards this second transfer now appear to have been abandoned.”

Wat die problem verder vererger is die feit dat die grootste gedeelte van die 8 miljoen hektaar wat tot op datum kragtens grondhervorming oorgedra is, vestig in trusts of sogenaamde Communal Property Associations. Die begunstigdes se regte word nie behoorlik omskryf nie en doeltreffende beheer ontbreek. Vanweë die verwarring en ongelukkigheid wat intree, eindig die boerderye telkens in volslae mislukkings. Die wetgewing wat die CPA's reguleer, staan op die punt om die derde keer herskryf te word. Ek voorsien dat geen oplossing gevind sal word nie omdat swak bestuur wat altyd intree as amptenare onbevoeg is om die werk te doen, nie met wetgewing reggeskryf kan word nie. Soos die verslag dit stel: “If land holding entities are dysfunctional, land cannot be productively used and the constitutional imperatives of ensuring equitable access to land and tenure security are flouted.” Die poging om 'n nuwe vorm van grondbesit te probeer skep met hierdie soort van wetgewing wat nóg eiendomsreg, nóg huurpag is, is gedoem om te faal: finansiële instellings gaan altyd slegs daarin belangstel om die betroubaarste vorm waarkragtens eiendom gehou word, te ondersteun eenvoudig omdat dit aan hulle die beste sekuriteit verleen.

Wat die herstel van grongregte betref, word die taak van die Grondeise Kommissie bemoeilik deur “the purpose of restitution, which is to provide redress to specific claimants for the loss of specific pieces of land, and the goals of land redistribution, which is to ensure the racially equitable distribution of land in the country.”

Die herstel van grondregte stuur af op chaos. Ek haal aan: “There are still more than 7 000 unsettled, and more than 19 000 unfinalised, ‘old order’ claims (claims lodged before the initial cut-off date of 1998). At the present rate of finalising 560 claims a year, it will take at least 35 years to finalise all old order claims; new order claims (lodged in terms of the now repealed Restitution of Land Rights Amendment Act of 2014)

that have already been lodged, will take 143 years to settle; and if land claims are reopened and the expected 397 000 claims are lodged, it will take 709 years to complete land Restitution.”

Die herverdeling van grond is die eintlike probleem met die potensiaal om ons land in ‘n groot gemors te dompel. Die owerheid maak hieroor deesdae ‘n groot lawaai maar hoe verklaar ‘n mens dit wat mens net as argelose onverskilligheid kan beskryf? Ek haal weereens aan: “The budget for land redistribution is contained within the budget vote for Rural Development and Land Reform and appears as a line item entitled ‘Land Reform’ alongside ‘Restitution’ and ‘Rural Development. Here our focus is on the ‘Land Reform’ budget only. Expressed as a percentage of National Expenditure, the Land Reform budget has generally been between 0.15% and 0.4% reaching a peak of 0,44% of the national expenditure in 2008/9 and then declining to 0.2% in the current financial year.”

As die Regering nie geld beskikbaar wil stel om die verontregtes op te hef nie, raak onteiening sonder vergoeding nie alleen ‘n groot versoeking nie, maar inderdaad ‘n onweerstaanbare opsie.

Op 16 Februarie 2018 verklaar President Cyril Ramaphosa in die Parlement tydens sy “State of the Nation” rede die volgende:

We are determined that expropriation without compensation should be implemented in a way that increases agricultural production, improves food security and ensure that the land is returned to those from whom it was taken during colonisation and apartheid.

‘n Komitee is in die lewe geroep om die moontlikheid te ondersoek om die grondwet te wysig. Publieke kommentaar is versoek en 449 552 submissies is ontvang. 65% daarvan was gekant teen ‘n wysiging van die grondwet. In die parlement het 209 lede egter daarvoor gestem en net 91 daarteen. Tot en met die hede het ons nog nie ‘n idee op welke wyse die grondwet gewysig gaan word nie.

Dis my oorwoë mening dat dit **nie** nodig is om die Grondwet te wysig nie omdat die kriteria vir die bepaling van die vergoeding wat betaal behoort te word in gevalle van onteienings, duidelik in Artikel 25(3) van die Grondwet uitgespel word. Hier is hulle:

Die bedrag van die vergoeding en die tyd en wyse van betaling moet regverdig en billik wees, en moet ‘n billike ewewig toon tussen die openbare belang en die belange van diegene wat geraak word, met inagneming van alle tersaaklike omstandighede, met inbegrip van –

- (a) die huidige gebruik van die eiendom;
- (b) die geskiedenis van die verkryging en gebruik van die eiendom;
- (c) die markwaarde van die eiendom;
- (d) die omvang van regstreekse belegging en subsidie deur die staat ten opsigte van die verkryging en voordelige kapitale verbetering van die eiendom; en
- (e) die doel van die onteiening.

Hierdie kriteria is nog **nooit** in ons howe getoets nie eenvoudig omdat mense van owerheidsweë wat die nodige inisiatief aan die dag behoort te kan lê om hierdie kriteria te toets óf onbevoeg is óf onwillig is om dit te doen! Weereens word alweer gepoog om die onvermoë om wetgewing na behore toe te pas en in die howe te laat toets, reg te dokter met net **nóg** wetgewing!

Die gevolge van ‘n wysiging van Artikel 25 van die Grondwet om onteiening sonder vergoeding vir grondhervorming makliker te maak, kan versag word indien dit sou lui dat sodanige onteiening altyd onderhewig aan die voorbehoud sal wees dat dit redelik en regverdig sal wees in ‘n oop en demokratiese samelewing soos vereis in Artikel 36(1) van die Grondwet.

Artikel 36(1) lui soos volg:

Die regte in die Handves van Regte kan slegs kragtens ‘n algemeen geldende regsvoorskrif beperk word in die mate waarin die beperking redelik en regverdigbaar is in ‘n oop en demokratiese samelewing gebaseer

op menswaardigheid, gelykheid en vryheid, met inagneming van alle tersaaklike faktore, met inbegrip van

- (a) die aard van die reg;
- (b) die belangrikheid van die doel van die beperking;
- (c) die aard en omvang van die beperking;
- (d) die verband tussen die beperking en die doel daarvan; en
- (e) 'n minder beperkende wyse om die doel te bereik.

Die omstandighede wat onteiening sonder vergoeding moontlik aanvaarbaar mag maak omdat dit “reasonable and justifiable in an open and democratic society” sou wees, word vermeld in die konsep Onteieningswetsontwerp van 2019:

It may be just and equitable for nil compensation to be paid where land is expropriated in the public interest, having regard to all the relevant circumstances, including but not limited to

- (a) where the land is occupied or used by a labour tenant, as defined in the Land Reform (Labour Tenants) Act, 1996 (Act No. 3 of 1996);
- (b) where the land is held for purely speculative purposes;
- (c) where the land is owned by a state-owned corporation or other state-owned entity;
- (d) where the owner of the land has abandoned the land;
- (e) where the market value of the land is equivalent to, or less than, the present value of direct state investment or subsidy in the acquisition and beneficial improvement of the land.

Ek vereenselwig my met die redes wat die Motlanthe-verslag aanvoer vir die jammerlike mislukking van die Regering se grondhervormingsprojek oor die afgelope 25 Jaar:

“Experts advise that the need to pay compensation has not been the most serious constraint on land reform in South Africa to date – other constraints, including increasing evidence of corruption by officials, the diversion of the land reform budget to elites, lack of political will, and lack of training and capacity have proved more serious stumbling blocks to land reform.

The panel is of the view that government has neither used the powers it already has to expropriate land for land reform purposes effectively, nor used the provisions in the Constitution that allow compensation to be below market value in particular circumstances. Rather than recommend that the Constitution be changed, the Panel recommends that government should use its expropriation powers more boldly, in ways that test the meaning of the compensation provisions in Section 25(3) particularly in relation to land that is unutilised or under-utilised.”

Die aanbevelings wat die panel maak om die saak te prober beredder, is ongelukkig na my mening gedoem om weereens te misluk.

Eerstens: Die horde bestaande wetgewing wat in die lewe geroep is om die herstel en herdistribusie van grondregte te bewerkstellig, moet kwansuis “gepas” gewysig word. Wetswysigings keer nie korrupsie nie maak nie onbevoegde mense bevoeg nie. Ons is alweer op dieselfde pad na nêrens.

Tweedens: Nog nuwe wette moet gemaak word! Ek haal aan:

1. “A new Land Framework law that would focus on the right to equitable access to land and also articulate the different componens of land reform with one another. The right to equitable access to land should be what animates the redistribution of land. Yet, to date, there has been no law that defines the meaning of equitable access to land or sets targets and reporting requirements in relation to redistribution.”

Wie gaan hierdie wet administreer of die meganismes beman om hierdie drome te verwesenlik?

2. "A new Land Records Act to support an inclusive and robust land administration system that caters for all South Africans across a full spectrum of co-existing land rights. As long as the majority of South Africans have no recorded land rights, they remain vulnerable to eviction and dispossession. They also remain largely invisible to the formal economy."

The Land Records Act would be a crucial component of a land administration system that provides robust forms of recourse to ordinary people seeking to assert and protect their land rights."

Het die paneel vergeet van al ons grondregistrasiewette, meer bepaald die Akteswet No. 47 van 1937?

Geweldig baie energie en deskundigheid was oor baie dekades nodig om ons grondregister te skep in al ons land se voortreflike aktekantore. En nou word van nog 'n "land records system" gepraat! Wie gaan dit tot stand bring en waar gaan die kundigheid om dit te doen, vandaan kom? Die eindelose registrasiefoute wat onbeholpe amptenare gaan pleeg of uit hoofde van onkunde, gaan miskyk, en die waarskynlikheid van ongebreidelde korrupsie, laat my sidder. Dis nou 'n geval van "fools rush in where angels fear to tread," as daar ooit een was! Ons gaan diskriminasie gegrond op ras vervang met diskriminasie op grond van titel. Die regering probeer tevergeefs om lewe in te blaas in halfgebakte grondregte, soos saamgeflans in wetgewing soos die Communal Property Associations Act of die voorgestelde Communal Land Tenure Bill. Hierdie derde wêreldse konsepte wat 'n voortsetting is van die stamgrond beginsel waar kapteins die septer swaai, gaan net verseker dat die arme brandarm mense daarby betrokke, in derde wêreldse armoede vasgevang gaan bly.

SLOT:

Ek het in 1996 'n lesing oor "Land Registration and Land Reform" by die John Marshall law School in Chicago gelewer. Ek wil graag na 23 jaar herhaal wat ek tydens daardie geleentheid met groot somberheid beklemtoon het:

"The author (Clem Sunter) in no way implies that we should slow down the process of land restitution. However, it would be imprudent to ignore the fact that land itself is not an asset. It is an asset only because of productive and profitable use by the owner. The commercial sector produced about ninety five percent of the total agricultural output compared to approximately five percent by the subsistence sector. This is primarily due to the commercial sector's dominant position in terms of land ownership, effective land utilization and a well-developed infrastructure with extensive financing, marketing and support structures.

Therefore, any restitution has to be accompanied by training where necessary – not only in appropriate farming methods, but also in entrepreneurship and business administration. An awareness of exactly how much the local environment can sustain in crop and livestock production has to be instilled. Restitution, therefore, involves the transfer of both knowledge and land."

Dit spreek vanself dat dieselfde ook t.o.v. die herverdeling van grond sou geld.

Dis my oorwoë mening dat dit tyd geword het vir die regering om te besef dat demografiese werklikhede die speelveld onherroeplik verander het.

1. Ons land se bevolking van kwalik 5 miljoen in 1904 het aangegroei na oor die 57 miljoen vandag. Daar is nie naastenby voldoende lewensvatbare landbougrond in hierdie landbou-arm land van ons om die armes terug na die grond toe te vat nie.
2. Verstedeliking op massiewe skaal is aan die orde van die dag dwarsoor die wêreld – ook hier in Suid-Afrika. Grond vir bewoning moet in stedelike gebiede aan die armes beskikbaar gestel word. Daar is die nood klaarblyklik groter. Dit sal ook gepaard moet gaan met behoorlike dienslewering.
3. Lappies landbougrond is nie die sleutel tot bemagtiging nie. Slegs behoorlike onderwys en opvoeding kan dít vermag. Dis juis wat in die onlangse verlede in so baie lande in die Verre Ooste, gebeur het. Helaas kan dieselfde nie van Suid-Afrika gesê word nie. Ons haal nie in nie maar raak net verder en verder agter omdat ons die klem op verkeerde dinge lê...

Ons President se droom van 'n nuwe tegnologiese superstad om die vierde industriële rewolusie te akkomodeer is, vergesog soos wat dit mag klink, meer realisties en nader aan die waarheid, as die gemors wat met grondhervorming gemaak is en steeds gemaak word. My heimlike hoop is dat Mnr. Ramaphosa met 'n slim skaakspel besig is. Hy was genoodsaak om amper onverantwoordelike stellings kwyt te raak ten einde Mnr. Malema te probeer hokslaan. Hy moes immers die regte geluide maak om die onlangse verkiesing oortuigend te probeer wen. Ek hoop net dat slim nie sy baas gaan vang nie!

F.G. T. Radloff

Stilbaai

14 Augustus 2019.